Wonder jy wat was HEY! NUUS

in Julie - Augustus 2015?

# HEY! Brokkies Nuus

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

Welkom Natasha ♥



**By HEY! kan ons getuig van God se goedheid en guns op 'n daaglikse basis en 'n nuusbriefie soos die is eintlik net daar om oorsigtelik te wys wat gebeur! Ons kan onmoontlik alles verwoord waarmee God ons seën! Hier volg paar nuusbrokkies:**

## 1. HEY! verwelkom Natasha van den Berg:

A.g.v. die geweldige hoeveelheid admin wat dit verg om elke kind 'n"Swaard van die Gees" versie vir die week, gelamineerde Bybelvers vir elke aanbieder en vele meer te produseer moes ons iemand kry wie hierdie taak met passie kan vervul! Die Here het ons (soos altyd) geseën met net die beste– Natasha van den Berg, Dankie dat jy altyd blymoedig is en met vars idees kom!! Ons waardeer jou BAIE.

## 2. SCAS se winter vakansie kamp:

SCAS (sport vir Christus aksie Suid-Afrika) het ons genader om 10 leerders te nomineer wat aan hul sport vakansie kamp kon deelneem by SCAS se Eiland kampterrein. Daar is **10 leerders van Danie Ackermann** gekies wie 'n lewensveranderende tyd gehad het en uit die Woord en m.b.v. sport en spel opwindende temas behandel het soos **"nederigheid wen", "waarheid wen", "liefde wen", "geloof wen"** Vir baie van die kinders was so 'n kamp 'n nuwe ervaring en almal wou net hê dat die naweek nie moes eindig nie!!



SCAS vakansie kamp wat gr7 leerders van Danie Ackermann bygewoon het.

## 3."Hoop vir Kinders" opleiding:



Agter: Ronel, Janine, Haydee, Lea, Clive en voor: Pat, Nancy, Gayle (Hoop vir Kinders opleiding)

HOOP VIR KINDERS word internasionaal in 213 lande gebruik en die kragtige impak daarvan is in bykans 600 skole, kerke en gemeenskappe in Suid-Afrika sigbaar. **Chris Bester** het in Julie hierdie opleiding gegee aan **8 van HEY! se Bybelklas aanbieders**. Hulle het almal met nuwe moed hul klasse aangepak na die omvattende toerusting. Ek deel graag Chris se waar woorde ***"love children into the Kingdom of God! God changes hearts, you are just there to love!"*** Wat 'n voorreg om deur Chris opgelei te word!

## 4.Rooi posbusse by Lochnerhof:

Joelene het die oulike inisiatief by Lochnerhof in Strand begin vir **Gr 1-7 (30 klasse). Elke klas het "posbus" gekry waarin brief met gebedsversoek vir "Dr Omgee" gegooi kan word**. Die Bybelklas groepleier haal elke week die briefies uit. Die gebedsversoeke gaan na bidders. Vrae word in oulike oopbrief beantwoord en maandeliks aan kinders uitgedeel. Op die manier kan **kinders se harte gehoor word en tendense en behoeftes geidentifiseer word** wat nie altyd sou uitkom tydens klastyd nie aangesien die tyd beperk is en gefokus word om uit die Woord van God te leer.




**ONS GEBED VIR ELK WIE JESUS DEEL MET KINDERS: Kol 4:6 "Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord."**